

Inhoud Hierdie preek is 'n verwerking en uitbreiding van Martin Luther se geskrif: “Oor die vryheid van 'n Christen.”, wat hy in November 1520 as antwoord aan die pous gestuur het op die finale kennisgewing van sy uitbanning uit die kerk en gemeenskap. Christelike vryheid is om sonder enige dwang om van jouself 'n beter en meer goeie mens te maak, goed te doen. Dit is om goed te doen omdat jy in en uit die geloof leef dat Christus jou en jou daade vir God goed en reg maak en goed en reg laat wees. Daarom doen Christene nie goed om goed te probeer wees nie. Hulle doen sommer net goed omdat hulle in hul vereniging met Christus vir God goed is. Christene doen goed sonder die innerlike motivering en bedoeling om goed te doen. Hulle doen goed omdat dit net is wie Christus hulle maak en laat wees. Omdat Christus sorg dat ons goed doen, vervel alle geestelike instellings, strukture, oefeninge en reëls wie se doel dit is om te sorg dat Christene móét goed doen.

Skriflesing Mat. 7: 15 – 20; Gal. 2: 15 – 20; 5:1; Ef. 1: 17 – 23.

Teks Mat.7: 17 “Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.

Tema Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

1. Martin Luther het op 31 Oktober 1517 sy 95 stellings oor die bekeringsdwalings van die Rooms Katolieke Kerk teen die kennisgewingbord van die stadskerk in die stad Wittenberg opgesit. Drie jaar later, in 1520 was die finale kennisgewing van sy verbanning uit die kerk en samelewing al reeds bekend gemaak. Hierdie verbanning het beteken dat hy sy werk as predikant, priester en dosent sou verloor het. Geen dorp of gemeenskap kon hom huisvesting, kos, hulp of bestand gegee het nie. Sou hulle dit gedoen het, sou hulle in ons taal deur die polisie en howe vervolgt gewees het. Hy moes gevange geneem word en aan die kerk oorhandig word, wat hom sou veroordeel het as 'n ongelowige en ketter. Na hierdie veroordeling sou hy dan deur die owerheid op 'n brandstapel verbrand geword het. Hierdie veroordeling het toe in 1521 tydens 'n parlementssitting in die stad Worms gebeur.

Sy antwoord op hierdie kennisgewing van kerklike uitbanning uit die kerk, en enige Europese gemeenskap, aan die pous, was 'n geskrif wat hy as kort opsomming van die Christelike geloof en lewenswyse opgestel het en die titel gegee het: “oor die vryheid van 'n Christen. Hierdie geskrif het hy einde November 1520 aan die pous gestuur.

2. Ek gaan vanoggend vir u die geloof in die Here, en die nuwe Christelike lewenswyse uit hierdie geloof voorhou uit die geskrif van Martin Luther, wat eintlik maar net 'n uitgebreide preek of katekisasieles is, uit van die tekste waaruit hy hierdie geskrif opgestel het.

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

“Elke goeie boom dra goeie vrugte.”

Die verskil tussen goed en sleg in hierdie voorbeeld gaan oor eetbare vrugte soos druiwe en vye teenoor plante wat glad nie of nuttelose vrugte vir menslike gebruik dra nie.

Dra goeie bome goeie vrugte of maak goeie vrugte 'n boom 'n goeie boom?

Met hierdie vraag word die hele Christelike geloofsvryheid aan die orde getel. Dit is ons Christelike geloofsvryheid dat ons goeie bome is wat goeie vrugte dra. Ons moet nie gedwing word om goeie werke te doen nie. Alle geloofsdwang gaan oor die valse geloof en geestelikheid dat goeie vrugte maak bome, goeie bome. Dit is hoe die Here die valse leraars wat wolwe in skaapklere is, in hierdie teks in Matteus uitwys.

Met hierdie stelling wat die Here maak, wys Hy vir ons op die onderskeid tussen wie Hy ons maak en wie geestelikes wat wolwe vir sy kerk is, ons wil maak. Die Here maak ons goeie bome wat goeie vrug dra. Geestelikes probeer maak asof ons slegte bome is wat hulle goeie bome maak deur ons op een of ander manier as slegte bome te forseer om goeie vrugte te dra.

3. Die onderskeid van boom en vrugte in hierdie gelykenis van die Here, wys op die verskil tussen wie Hy mense maak om te wees en op die dade of werke wat hierdie mense dan doen. Wie jy is, is 'n boom. Wat jy doen is vrugte.

Wie Hy jou as mens laat wees bepaal jou dade. Jou dade kan jou nie die mens laat wees wat die Here jou maak nie. Martin Luther gebruik die voorbeeld van 'n bouer en stel dat dit tog so is dat die bouer van 'n huis die bouwerk bepaal. Dit kan nooit so wees dat die gebou wat jy gebou het van jou 'n goeie bouer maak nie. Wie die skepper is, bepaal hoe die skepping lyk.

Ons leef vandag is so 'n land waar mense glo dat as hy die werk kan kry om te doen, dan sal die werk van hom 'n goeie en bekwame persoon maak. Dit werk egter net die teenoorgestelde: goeie en bekwame mense word aangestel omdat hulle goed en bekwaam is. Om die werk te doen van bekwame mense maak jou nie bekwaam nie.

Wie jy is, maak dat jy doen wat jy doen. Wat jy doen, maak jou nie wat jy is nie. Daarom dra goeie bome goeie vrugte en slegte bome, slegte vrugte. Dit is nie die vrugte wat die boom maak nie. Dit is die boom wat die vrugte maak.

4. In die Rooms Katolieke en alle ander wêreldse geestelikhede word hierdie waarheid egter agterstevoor gekeer. Hulle wil maak asof goeie vrugte slegte bome, goeie bome maak. Asof om 'n doringboom te dwing om druiwe te dra, 'n doringboom 'n druiwestok sal maak. Dit is die dwang wat hulle as wolwe die kerk wil oplê: om te

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

glo jy is sleg en jy word goed deur jou daad. Dorings moet duiwe dra om duiwestokke te word.

Kom ons toets dit aan die volgende stellings van vandag!

- Jy moet tot bekering kom om 'n wedergebore Christen te word!
- Jy moet jou hart en lewe vir God gee om 'n geredde en verlosde kind van God te word.
- Jy moet die beheer van jou lewe aan God oorgee om 'n geesvervulde Christen te word.

Wat is die boom en wat is die vrugte?

Wat ons doen is die vrugte en wie ons is, is die boom! Daarom is bekering, om jou hart en lewe vir God te gee en om die beheer van jou lewe vir God te gee, volgens hierdie gelykenis van vrugte. Om 'n wedergebore Christen te wees, om 'n verlosde kind van die Here te wees en om geesvervuld te wees, is om 'n boom te wees.

Kyk wat stel al hierdie geestelike reëls en regulasies volgens geestelikes dan volgens die beeld van bome en vrugte! As jy die vrugte dra, goeie daad doen, dan sal jy jouself van 'n slegte boom na 'n goeie boom verander. Jy word gedwing om deur jou vrugte jouself van 'n slegte na 'n goeie boom te verander.

5. Dit is die geestelike dwang wat gelowiges se geloofsvryheid van hulle wegneem en hulle verkneg. Hulle word die hele tyd deur geestelikes voor die onmoontlike gestel – dra goeie vrugte om jouself van 'n slegte boom na 'n goeie boom te verander!

Dit is mos dieselfde as om vir doringbome en distels te sê: dra duiwe en vye dan sal julle duiwe- en vye bome word! Martin Luther het hiermee gewys wat met al die geestelike voorskrifte, geestelike reëls en regulasies altyd gedoen word – dit word geestelike dwangarbeid om die onmoontlike te probeer bereik: om deur goeie daad jouself van 'n skuldige en slegte sondaar te verander na 'n geredde, verlose en geesvervulde kind van God te word.

6. Christus doen deur die evangelie totaal iets anders as om mense te dwing om met goeie daad beter, meer gehoorsame of inniger toegewyde mense te word. Christus maak mense goeie bome! Christus maak mense goeie bome deur hulle in hom in te ent!

Dit is die hart van die evangelie – Christus verenig ons in wie Hy as mens in die hemel is. In ons vereniging met Christus gebeur daar hierdie besondere wisselwerking – alles wat ons eie is, in ons sonde, word Christus sin en alles wat Christus se eie is, word ons sin. Dit is in hierdie preek dat Martin Luther Efe. 5 vers

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

26 en 27 gebruik om hierdie vereniging en wisselwerking tussen Christus en sy lidmate te wys met die beeld van 'n bruid en bruidegom: "Dit het hy gedoen om die kerk aan God te wy sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek, of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Paulus draai die fokus van Paulus op die man en vrou wat een word in die huwelik na Christus en sy lidmate.

En hulle twee, Christus en ek, Christus en ons, sal een wees. Soos man en vrou verenig word in 'n eenheid waarin 'n man sy manwees in sy vrou vind en 'n vrou haar vrouwees in haar man vind, so word ons met Christus verenig om ons goedheid in Hom te vind en te wees. Ons twee is een!

Inenting maak bome goeie bome!

In ons vereniging met Christus, ons inenting in Hom, is hy al ons sonde en ons is sy vroomheid, sy goedheid, sy heiligheid, sy geregtigheid – sonder vlek en sonder rimpel. Omdat ons deel in wie Christus is, is ons in Hom werklik goed en vroom. Hy laat ons deur wie Hy is deel wees van wie Hy is. Ons twee sal een wees - dit maak ons goed.

7. Hoe is ons vir God goeie mense, goeie bome?

Dit het Martin Luther ook met Gal. 2: 20 aangetoon. "Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." Wie in die geloof in Christus leef, is 'n goeie mens. Dit is die enigste wyse waarop mense goeie mense kan wees – deur hulle geloof in hul vereniging met Christus. 'n Goeie loot is 'n loot van wat inenting aanvaar en uit sy inenting leef. 'n Slegte loot is 'n loot wat nie sy inenting wil aanvaar en uit die krag van sy inenting wil leef nie.

Om in die geloof van my inenting in Christus te leef, beteken ek leef in die geloof dat ek deel in die vroomheid, goedheid, regverdigheid, heiligheid en sondeloosheid van Christus wat Syne met my deel. Deur Syne met my te deel, leef ek dit wie Hy my laat wees. Ek leef as die regverdige en heilig mens wat Hy my laat wees.

Om in die geloof van jou inenting te leef, beteken ook dat ek kan ook nie meer leef as 'n skuldige, onregverdig en onheilig mens voor God nie. Want dit wat ek so is, het Christus werklik vir my weggevat en Syne gemaak aan die kruis. In my inenting in Christus word dit regtig vir my weggesny.

Om in die geloof te leef beteken om in die geloof te leef dat ons twee, Christus en ek, een is! Daarom sê Paulus dat daardie onheilige en slegte mens wie ek my deur my eie sondes laat wees, was Christus vir my in my plek gewees: ek is saam met Christus gekruisig.

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

Wie in en uit hierdie geloof leef, is vir God goeie mense: regverdige en heilige mense in hulle vereniging met Christus, al neig en doen hulle nog sonde.

8. Goeie bome is versorgde bome.

Christus laat ons goed wees deur alles wie Hy is, ons eie te maak en alles wat ons sondig is, weer sy eie te maak! In hierdie vereniging met die Here vervul Hy ons met sy volle liefde, genade, goedheid en laat Hy ons alles wees wat Hy ons as kinders vir Hom wil laat wees.

Versadig en vervuld!

Dit is die aankondiging in Efesiërs 2:23: “Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.” Hierdie vervulling met die volheid van God gaan oor wie God is vir hulle met wie Christus verenig is. Volgens die voorbeeld van goeie bome gaan dit nie net om ingeënt te wees nie, maar ingeënte bome – het ’n boer wat hulle met alles versorg wat hulle nodig het.

Paulus beskryf dit met woorde wat die oorfloed van God se liefdesversorging beklemtoon: die rykdom van die heerlike erfenis, die geweldige groot krag wat Hy in ons uitoefen. Net soos ’n boer sy ingeënte bome oorgenoeg water gee, oorgenoeg kunsmis gee, oorgenoeg gif teen goggas en swamme gee, net so is God besig om sy goeie bome toe te rus.

Hierdie kragtige toerusting en kragtige werking is in en deur ons vereniging met Christus se lyding, kruisiging, dood en opstanding. God doen alles volledig met ons om sy vervulde liefdevolle kinders te maak. Christene het in hierdie versadiging en vervulling met die volle liefde en goedheid van God, nooit enige geestelike gebrek nie. Daarom vertrou Christene Hierdie volheid van God se volledige toerusting Hul leef vervuld in en deur hulle geloof in hulle eenheid met Christus.

Dit is wat Paulus ook in Romeine 14: 4 aankondig: “Wie is jy om oor ’n ander se bediende te oordeel? Sy eie werkgewer sal oordeel of hy goed doen of nie. Maar hy sal goed doen. Daarvoor sal die Here sorg.” Die Here sorg dat sy kinders goed doen, nie ander of hulle self nie.

9. Goeie bome dra goeie vrugte!

Hierdie beeld wys dat om goeie werke te doen, nie uit dwang is nie. Martin Luther het dit so gestel: “gelowiges doen nie goeie werke om iets goeds te doen nie”. Dit was die deurbraak in die saak wat hy genoem het die vryheid van ’n Christen!

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

Hy verduidelik dit deur te stel dat jy nie goeie werke moet doen met die doelwit en die motivering om vir God 'n goeie werk te doen nie. Om goed te doen, is nie vir 'n Christen 'n uiterlike verpligting wat op hom afgedwing moet word nie.

Dit is iets wat hy sommer net doen omdat dit is wat hy doen. Goeie bome dra nie vrugte omdat hulle goeie vrugte móét dra nie. Dit is net wat goeie bome doen. Daarmee het Luther die nuwe motivering vir die onderhouding van God se wet op 'n besondere wyse aangetoon. In ons gemeente leer ons die kinders dat die nuwe wyse waarop ons na God se wet luister, is om geen spesifieke rede nie. Ons gehoorsaam God nie om beloon te word of straf te vermy nie. God gee ons sy volle liefde en neem alle straf van ons weg net die Christus en net deur ons geloof in Christus.

Die wyse waarop ons nuut na God luister is – sommer! Ons luister nie omdat ons vir God iets spesifiek goed wil doen nie. Ons luister sommer net omdat Hy God is. Ons luister sommer net, en doen sommer net wat God sê, want dit is maar net hoe ons is en wat ons doen.

Dit is soos die macadamia bome waarmee daar in Levubu geboer word. Macadamia bome móét nie macadamias dra nie, so asof hulle dit nie kán doen nie of iets anders kan doen. Hulle dra macadamia omdat hulle macadamiabome is! Ons doen nie goeie werke om goed te wees nie. Ons is goed en ons werke is vir God goed deur ons geloof dat Hy ons en ons werke vir Hom goed maak en goed laat wees.

Daarom is goeie werke nooit iets wat ons móét doen nie. Dit is iets wat ons sommer net doen, sonder om daarmee goed te wil wees of goed te wil doen. Want goeie bome dra goeie vrugte. Hulle is onder geen dwang of verpligting om goeie vrugte te dra nie. En dit is die hart van 'n Christen se vryheid. Sonder die dwang of verpligting van die wet doen hy wat God vra uit die vryheid dat dit net is wat hy doen. Want die Here sorg dit ons goeie bome vir Hom is en Hy sal sorg dat ons goed doen. Dit is hoe hy vir sy kinders sorg – Hy sorg dat hulle goed doen en daarom doen hulle sommer net goed.

10. Om goeie werk te doen, sonder om te probeer goed doen, keer die hele geestelike bedryf van alle geestelike wolwe in skaapklere onderstebo. In Luther se tyd het dit in effek 'n einde aan alle kloosterbedrywe, alle geestesordes en alle geestelike oefeninge gemaak.

Want alle hierdie kerklike goeie werke was dade wat jy moes doen om jou verhouding met God goed te maak.

- Jy moes goed doen om jouself vir God 'n beter mens te maak.
- Jy moes goed doen om jouself vir God reg te maak, jou verkeerde gesindheid, jou verkeerde houding en jou verkeerde geestelike lewe.

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

- Jy moes goed doen deur jouself 'n voller geestelike mens te maak.
- Jy moes goed doen om daardeur 'n beter verhouding met God te kry, nader aan God te leef, inniger met God om te gaan, 'n meer liefdevolle verhouding met God te hê, deur God meer geseënd te wees en meer krag van God te ontvang.

Jy moes goed doen sodat jy daardeur jouself geestelik kan verryk en 'n voller lewe met God kan leef.

Wie in die geloof in Christus leef, kan en mag nie meer op hierdie wyse goeie werke doen nie. Want wie glo dat deur goed te doen jy 'n ryker, inniger, kragtiger en voller lewe met God ervaar, het sy geloofsvryheid verloor. Dan moet jy as doringboom macadamias dra om 'n macadamiaboom te word, deur hulle geestelike oefeninge, reëls en regulasies.

Geloofsvryheid is juis die vryheid dat God my volledig goed en reg maak, sonder dat ek self iets goed doen, dat God my versadig en vervul met sy volle liefde, sonder dat ek iets goed daarvoor doen en dat god kragtig besig is om my ten volle te versorg in sy diens, sonder dat ek iets goeds daarvoor doen.

Sodat – ek sommer net goed doen!

11. Hierdie nuwe vryheid om sommer sonder rede sommer net goed te doen, sommer net omdat dit is wat ek doen, verander ook die wyse waarop Christene teenoor hulle naaste goed doen.

Ons doen nie goed aan ons naaste omdat ons wil wys ons is goed vir ons naaste nie. Dink weer aan goeie bome! Goeie bome dra nie goeie vrugte om te wys hulle wil goed wees vir mense nie. Hulle wil nie wys hulle is goed vir mense nie en hulle probeer ook nie vir mense goed wees nie.

Hulle dra goeie vrugte omdat hulle goeie bome is – en dit is goed vir mense! Christene doen goed aan hulle naaste omdat hulle sommer net hulle naaste liefhet. Hulle het nie hulle naaste lief om te wys hulle is goed vir hulle naaste of om te probeer goed doen aan hulle naaste nie.

Hulle het hulle sommer net lief omdat om lief te hê, sommer net dit is wat Christene doen. En om jou naaste lief te hê volgens God se wil is goed vir jou naaste.

Hoekom doen hulle dit sommer net?

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

Omdat hulle in 'n vervulde liefde leef deur hulle geloof in Christus. Hulle hoef niemand lief te hê om geestelik meer verryk te word, om geestelik meer te groei, om geestelik kragtiger te word of geestelik meer geseënd te word nie.

Wie so liefhet, doen goeie werke aan hulle naaste net tot hulle eie heil en welwese. Om mense lief te hê om jouself geestelik te verryk of tot jou eie geestelike welwese, het nie lief uit die geloof in Christus dat Hy jou met die volheid van alles wat God vir jou is en gee, vervul het nie. Meer nog, wie so aan hulle naaste goed doen, is nie gefokus op wat nuttig en goed vir sy naaste is nie. Geestelike mense is op hulle eie geestelikheid, nie op die werklik lewe of nut vir hulle naaste gefokus nie.

12. Geestelike gebrek is die gevangenisskap waardeur gelowiges vasgevang word in die afgodsdienste dat jy teenoor God en jou naaste móét goed. Jy moet goed doen om geestelik verryk of vervuld te word. Hierdie geestelike gebrek is die veroordeling van wolwe oor die skape van die Herder!

Kyk hoe hierdie wolwe gelowiges veroordeel sodat hulle uit gewaande geestelike gebreke en nood jou 'n goeie boom wil maak deur goeie vrugte te dra!

- Jy het nog nie 'n vervulde lewe met God omdat jy nog nie jou volle lewe aan God oor gegee het nie!
- Jy het nog nie 'n innige verhouding met God omdat jy nog nie 'n kragtige gebedslewe het nie.
- Jy leef nog nie in die volle seën van God omdat jy nog nie die Here volheid loof en prys nie.
- Jy is nog nie werklik met God versoen omdat jy nog nie 'n versoeningslewe met jou naaste lewe nie.

Om aan jou as gelowige altyd een of ander geestelike nood en gebrek toe te dig, deur jou te veroordeel as die Here se werknemer, oortuig hierdie geestelikes jou dat jy goeie dade moet doen om goed, geseën, vervuld en kragtig in jou toewyding aan God te word. Deur jou eie geestelike gebrek in hulle veroordeling te glo, maak hulle jou iemand wat onder die dwang van hulle geestelike selfverrykingsoefeninge te moet leef.

13. Martin Luther stel aan die einde van sy preek dat Christus ons van alle sonde, en daarom van alle wette, gebooie, reëls en regulasies vrygemaak het om goed te wees.

Ons word nie goeie mense omdat ons goeie dinge doen nie. God maak ons sy goeie kinders in ons verenging met Christus – en daarom dra ons goeie vrugte, doen ons goed sonder dat ons goed probeer wees. Dit doen ons uit die geloof in Christus wat ons vervuld, geseën, ryk en kragtig in God se liefde laat leef. Ons is vry om sommer net goed te doen omdat God ons sy goeie kinders laat wees vir wie Hy goed is.

Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen

Wanneer ons weer uit hierdie geloof sal leef, sal dit 'n einde maak aan al die geestelike kursusse, geestelike beradings, geestelike konferensies, geestelike boekebedryf, geestelike pelgrimstogte, geestelike retraites, met al hulle duisende geestelike reëls, regulasies en voorbeelde van “hoe om wat te kry”.

Ons sal onself nie in die veroordeling van predikers wat wolwe in skaapsklere is as geestelike gebrekkige mense sien of glo nie, en onder geen gewetensdwang leef om hulle geestelike oefeninge, reëls, regulasies en voorskrifte hoe om meer en beter Christene te word, te aanvaar nie. Ons sal nie die onmoontlike probeer doen om van slegte bome na goeie bome te probeer vernader deur as slegte bome goeie vrugte te probeer dra nie.

Ons sal nie meer goeie vrugte probeer dra om goed te wees of goed te word nie. Ons doen nie goed om goed te wees te wees nie. Deur ons geloof is ons en ons lewe vir God goed en doen ons sommer net goed. Van die geestelike dwang om goed te moet wees en goed te moet doen, is ons bevry!

Die lewe wat ons nou hier leef sal ons in die geloofsvryheid leef dat God ons en ons dade goed maak. Daarom sal ons goed doen, sommer net omdat dit is wat ons doen. Ons sal nie meer probeer goed doen om goed te wees nie.

Die Here stel hierdie geloofsvryheid om sommer net goed te doen sonder die dwang van geestelikes of die maghebbers van hierdie wêreld soos volg: “As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere. As iemand jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee kilometer.” Mat. 5: 40,41.

Ons doen goed omdat Christus ons en ons werke vir God goed maak, nie omdat ons gedwing word om goed te doen nie.